Herlewingslied

Soos Eségiël van ouds het ons ook die droom gesien
`n Wonderwerk - die waterstroom by die tempeldeur
Strome, strome van water loop enkeldiep
Strome, bron wat in dorheid weer lewe bring
Heilige Gees kom vloei my hart met U heerlikheid
Voed my met strome, laat my herlewing al verder uitkring
Voed my met strome, laat my herlewing U koninkryk bring

Soos Eségiël van ouds het ons langs die stroom geloop
die bome gesien met vrugte en blare wat lewe gee
Strome, strome begin nou al dieper word
Strome, bron wat die bome laat vrugte dra
Heilige Gees kom vul my hart met U heerlikheid
Voed my met strome, dan dra ek vrugte dis al wat ek vra
Voed my met strome, dan dra ek vrugte dis al wat ek vra

Soos Eségiël van ouds het ons by die see gestaan
Die vissers gesien en geproe die water het vars geword
Strome, strome vloei wyd en is baie diep
Strome, bron wat my ook laat vrugte dra
Heilige Gees kom vloei deur my hart met U heerlikheid
U lewende strome, U heerlike vrugte is al wat ek vra
U lewende strome, U evangelie sal ek uitdra

Twyfel

My vriend ek weet hoe jy somtyds nog twyfel
Ek het voor jou dieselfde pad geloop
God was lank vir my ook net `n raaisel
Maar wees bly want in jou twyfel lê die hoop

Al jou vrae jou onsekerheid en twyfel
is die teken dat die Gees in jou werk
Hy wil inkom Hy wil deur jou praat met ander
en deur jou eie woorde jou versterk

My antwoord was die voorbeeld van Sy lewe
Want kyk Jesus neem die leiding deur te dien
En ek glo vir jou is God se hartsbegeerte
Dat die hele wêreld Hom in jou sal sien

Besluit net om te glo in Sy belofte
Vertrou op Hom in als deur jou gebed
Want die wete dat God jou regtig lief het
is die kosbaarste besitting wat jy het

Soek jou antwoord in die voorbeeld van Sy lewe
Want kyk Jesus neem die leiding deur te dien
En ek glo vir jou is God se hartsbegeerte
Dat die hele wêreld Hom in jou sal sien

Hoor ... Jesus klop

Waar kom jy vandaan ?
Weet jy waarheen jy gaan ?
Of is jy maar eensaam en verdwaal
En beur jy teen die wind om jou pad weer terug te vind
Soek jy iemand om jou weer te kom haal ?

Hoor jy nie Jesus staan en Hy klop nou aan jou deur
Hy wil inkom Hy wil in jou hart regeer
Jou sonde maak nie saak as jy net die deur oopmaak
en jou lewe en jou hart vir Jesus gee
Jou lewe en jou hart vir Jesus gee

Is jy nog vandag in die duiwel se mag
Jy moet weet hy kan jou seermaak en hy sal
As jou pad vol dorings raak sal hy jou las al swaarder maak
Maar daar's Iemand wat jou sal optel as jy val

Want, hoor - Jesus staan en Hy klop nou aan jou deur
Hy wil inkom Hy wil in jou hart regeer
Jou sonde maak nie saak as jy net die deur oopmaak
en jou lewe en jou hart vir Jesus gee
Jou lewe en jou hart vir Jesus gee

So moenie langer wag. Maak reg met Hom vandag
Dat jy kan reg wees as Hy kom
En ek wonder of jy weet Jesus sal jou nooit vergeet
Al is jy swak jy's wonderlik vir Hom

Want Hy staan dan en Hy klop dan aan jou deur
Hy wil inkom Hy wil in jou hart regeer
Jou sonde maak nie saak as jy net die deur oopmaak
en jou lewe en jou hart vir Jesus gee
jou lewe en jou hart vir Jesus gee

Omdat jy nie jou kruis wou dra nie

Hoeveel keer was jy al verlore en het jy stil gaan staan
Hoeveel keer het jy al vas besluit : Dié keer sal ek gaan
Maar elke keer was die omdraai maar weer net pure skyn
Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
het jou vreugde weer verdwyn
    Weer verdwyn, gou verdwyn
    Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
    het jou vreugde weer verdwyn

Jy was toe weer verlore. Jy het weer in die stof gelê
Maar later het jy weer opgestaan en vir God weer `Ja' gesê
Maar ook dié keer was die omdraai maar weer van korte duur
Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
verloor jou hart maar weer die vuur
    Verflou die vuur, jou hart se vuur
    Omdat jy nie jou kruis wou dra nie
    verloor jou hart maar weer die vuur

Voel jy dalk nou weer verlore ? Maak jou hart dan nou weer oop
Besluit net om dié keer die regte pad na die Here toe terug te loop
En as jy dan nou omdraai moet jy hier en nou besluit
Dat jy jou kruis vir God sal dra en sal loop teen die steiltes uit
    Die steiltes uit. Jy moet besluit
    Dat jy jou kruis vir God sal dra
    en sal loop teen die steiltes uit

    Die steiltes uit. Ek het besluit
    Dat ek my kruis vir God sal dra teen die lewe se steiltes uit

Die Man in die middel

In die skemering daardie gruweldag het ek teruggegaan
Met die stofpad langs teen die heuwel op waar die kruise staan
En in die stilte daar het die eggo's na my toe teruggekom
Die haat, die vloek en die lag en die spot met Hom
Wie was die man daar in die middel dan ?
Hoe kon Hy soveel pyn verdra ?
Hoe kon Hy ooit in so `n donker uur
sy Vader smeek en vir ons vergifnis vra

Ek onthou nog goed - eenkeer toe ek nader kom
het Hy liefdevol gepraat met een daar bo by Hom
" Jy is deur jou geloof gevul met God se Gees -
voor die einde van die dag sal jy by my in die hemel wees "
Wie was die man daar in die middel dan ?
Hoe kon Hy so `n belofte maak ?
Hoe kon Hy ooit in so `n donker uur
my moordenaarshart met sy woorde raak

En terwyl ek nog daar staan praat Hy sag met my
My bloed daar aan jou spies wys ek het vir jou gely
En al wat ek jou vra - gaan op jou knieë neer
Kom gee vir my jou las. Aanvaar my as jou Heer
Was die Man daar in die middel dan tog die Heer ?
Kan Hy dan tog my sonde vergewe ?
Hulle sê Hy het gesterf en so my prys betaal
Dat ek vir altyd, altyd kan bly leef

Die Helde van die Bybel

Al die helde van die Bybel het een ding in gemeen
Hulle het vas gestaan en in elke stryd slegs op God gesteun
Vat nou maar vir Dawid - sy onder-onsie met die reus
Glo my sy enigste redding was sy vertroue op sy God gewees

So staan dan vas en voor jy gaan
Trek God se wapenrusting aan
Want die stryd is nie teen mense nie
Dis teen die duiwel en sy pyle vuur
Maar met my God loop ek `n bende storm
met my God spring ek oor `n muur
Met my God loop ek `n bende storm
met my God spring ek oor `n muur

Al die helde van die Bybel het almal gereëld gebid
Hulle het elke dag op hulle knieë gegaan
voordat hulle `n voet versit
Vat nou maar vir Simson - Hy was in kettings vasgebind
Glo my sy laaste krag het hy in gebed by sy God gevind

Al die helde van die Bybel het geglo wat God beloof
In die donkerste nag of in die swaarste stryd
was hulle vas in hulle geloof
Vat nou maar vir Josua - Loop net `n paar maal om die stad
en soos God beloof het toe die horings blaas
was die vesting se mure plat

Spore in die sand

My hele lewe het ek alleen geloop
Doelloos en bang het ek rondgedwaal
Toe ek my hart aan hom belowe het
het my Skepper my kom haal

Doe doe doe ...
Toe ek my hart aan hom belowe het
het my Skepper my kom haal

En nou loop my Skepper saam met my
Lei my soos `n blinde aan my hand
En as ek omkyk sien ek agter my
twee rye spore in die sand

Doe doe doe ...
Ja as ek omkyk sien ek agter my
twee rye spore in die sand

Maar nou sê ek jou in alle eerlikheid
Voordat jy my dalk daaroor vra
Soms loop die spore weer net `n enkelry
Want daar het my Skepper my gedra

Doe doe doe ...
Oral teen die steiltes is daar net `n enkelry
Want daar het my Skepper my gedra

Soos die arend

Hoog teen die hange waar dit warm en veilig is
Daar gaan die arend sy nes bou
Daar sal hy regeer soos `n koning op sy troon
en getrou sal hy altyd ook daar waghou
Soos die arend by sy kuikens bly
is die Here altyd by my
Kom Hy my in sy warm liefde toevou

Met sy vlerke wyd gesprei draai die arend teen die son
as hy afduik en sy kuiken se val keer
Elke fladder elke val word `n dure lewensles
Maar die arend weet die kleintjie moet sélf leer
Net soos die arend sy kuikens jaag
om die hoogtes in te waag
Presies net so leer ons van ons heer

Dan kom die vreugde van die eerste vrye vlug
en die eerste wye draai op die lug se strome
Vir ewig nuut en vry op die wind van God se Gees
Die vervulling van jou siel se diepste drome
Net soos die arend wil ek lewe
Om op die bergwind van my Heer te swewe

Hoër, altyd hoër altyd nader aan my Here
Hoër, altyd hoër altyd nader aan my Here